



# Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137  
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819  
e-pos [kantoor@laerskoolswartkop.co.za](mailto:kantoor@laerskoolswartkop.co.za) Besoek ons webwerf by [www.swartkop.co.za](http://www.swartkop.co.za)

## Van die Beheerliggaam



Liewe Swarries, ouers en personeel,

Na 'n marathon stilte van 10 en 'n half weke kan ons uiteindelik uitsien om weer kinderstemme op die stoepe van Laerskool Swartkop te hoor.

Gedurende die grendeltyd het soveel dinge agter die skerms gebeur. Ons personeel het verseker dat die meeste van ons leerders bereik is deur lesse en werk te stuur via Whatsapp op klas-groepe. Op hierdie manier is byna elke leerder in die skool bereik. Hoe langer die grendeltyd aangehou het, hoe meer het die fokus geskuif na aanlynonderrig. Ons personeel het op hierdie manier verseker dat ons leerders byna heeltemal op datum is met hul akademiese vordering vir die jaar, ten spyte van die verlore skooldae.

Ons personeel het waarlik uiting gegee aan die mantra van "laat geen kind agter nie". Vanaf 1 Junie word hierdie doelstelling verder uitgebrei met Swarrie Swot Skool op die MS Teams platform. Dit gaan nie net ons kinders wat steeds moet tuisbly baat nie, maar ook leerders wat in die toekoms weens gesondheidsredes nie skool toe mag kom nie. Die manier waarop hierdie platform ontwerp is beteken dat dit 'n volhoubare bate vir die skool sal wees vir nog baie jare.

Ons kan nie ons skool met ons buurskole vergelyk nie, en moet ons as ouers dit ook nie doen nie. Elke skool is anders en elke skool hanteer die situasie anders. Die belangrikste is dat ons leerders aan die einde van die jaar gereed is om na die volgende graad te kan vorder en ons kan u verseker dat Laerskool Swartkop en die personeel geen steen onaangeraak laat nie, om te verseker dat dit kan gebeur.

Soveel voorbereidings is getref om die skool so veilig as moontlik te maak vir die terugkeer van ons kinders. Daar is baie vroeg in die grendeltyd al besluite geneem wat ons skool nou baat. Deur ander uitgawes te sny en ruimhartige bydraes van ons ouers, gemeenskap en korporatiewe entiteite in ons omgewing, die volgehoue betaling van skoolgeld deur ons ouers en bydraes deur die Departement van Onderwys, kan u verseker weet dat elke moontlike voorsorg getref is om dit so veilig as moontlik by die skool te maak. Daar is egter ook prosedures en meganismes in plek gesit om die nuwe normaal waarvan almal praat, 'n werklikheid te maak, soos van ons vereis. Sekere van hierdie meganismes gaan werk, ander moontlik nie. As iets nie werk nie sal ons dit verander. Sommige van hierdie reëls en meganismes gaan ongewild en ongemaklik wees. Dit is egter in plek geplaas om u kind, ons personeel, u as ouers en u hele gesin by die huis sover moontlik te beskerm. Ons vra u geduld en absolute samewerking in die verband.

Met elke graad wat terugkeer skool toe moet prosedures, roosters en elke moontlike aspek van 'n skooldag weer oorweeg en weer verander word. Al wat tans konstant bly is deurlopende verandering. Daarom doen ons weer 'n beroep op u as ouers om u kinders emosioneel voor te berei vir die terugkeer skool toe. Ons sal almal verdraagsaam en beleef met mekaar moet wees, selfs al stem ons nie oor alles saam nie. Niemand weet wat voorlê nie en niemand weet verseker hoe om hierdie situasie te hanteer nie. Ons kan almal net ons absolute bes doen, niks meer nie, niks minder nie. 'n Nuwe wêreld wag nou vir ons en ons kinders. Kom ons maak die beste daarvan.

**Coming together is a beginning. Keeping together is progress. Working together is success. - Henry Ford**

## Uit die Hoof se pen



Die Chinese filosoof Confucius het op 'n keer gesê dat: "Om te weet wat reg is en dit nie te doen nie, is die ergste lafhartigheids". Hierdie stelling is ook relevant vir ons as ouers in die opvoeding van ons kinders. Dit beklemtoon die belangrikheid van 'n gesonde verantwoordelike sin en hoe belangrik dit is dat ons dieselfde by ons kinders vestig.



Grendelstaat  
Nuusbrief 4

29 Mei 2020

'n Besondere woord van dank aan die onderwysers, bestuur en beheerliggaam wat ons skool se belange op die hart dra om van hierdie moeilike situasie die beste te maak.

Die skool het steeds die normale dag tot dag en salaris uitgawes waaraan ons moet voldoen. Graag versoek ek dat u steeds u finansiële verantwoordelikheid sal nakom, sodat ons steeds die kwaliteit onderrig kan lewer sodra ons weer terug is by die skool.

Alhoewel daar nog steeds baie onsekerhede is oor wanneer die skool sy volle werksaamhede kan hervat, is ons personeel slag gereed om volstroom die akademiese program vir die graad 7 leerders te hervat. Daar sal ook aanlyn leer vir al die ander leerders aangebied word.

Die terugkeer-program behels die volgende: Maandag 1 Junie: Net graad 7 leerders sal op 1 Junie mag terugkeer skool toe. Datums vir die terugkeer van die leerders in ander grade, is nog nie gefinaliseer nie.

Ten slotte deel ek graag hierdie week die idees met betrekking tot VERANTWOORDELIKHEID.

- Doen wat jy veronderstel is om te doen.
- Hou aan probeer; deursettingsvermoë.
- Doen altyd jou beste.
- Wees self-beheersd.
- Beoefen self-dissipline.
- Dink voor jy optree en bedink die gevolge van jou optrede.

Wat jy by die huis kan doen:

- Gee vir jou kinders take om te doen. Wys hulle presies hoe jy dit gedoen wil hê en gee hulle 'n afsnydatum/tyd. Maak hulle verantwoordelik vir dinge in die huis waarmee hulle kan help. Maak seker dat jy dankie sê en hulle erkenning gee.
- Herhaal telkens hoe belangrik hulle skoolwerk is. Verduidelik dat hulle toekoms in hulle hande alleen lê en hoe hulle verantwoordelikheid vir hulle toekoms en drome moet aanvaar.
- Stel familiedoelwitte op en plak dit op die yskas.

*"The only reason for evil to prevail...is for good men to do nothing."*

## Afhaal van Werkspakkies en Handboeke



Op Dinsdag 2 Junie, kan ouers wat pakkies bestel het, dit kom afhaal in die volgende tydsgleuwe: 08:00 – 10:00 en 15:00 – 17:00

Die volgende skoolmateriaal kan ook afgehaal word soos aangedui:

- Gr R** – Departementele boeke en klankboekies.
- Gr 1** – Departementele boeke, leë skrifte, leeslêer en skryfbehoeftes.
- Gr 2** – Departementele boeke wat nog nie in die kind se besit is nie.
- Gr 3** – Departementele boeke wat nie verlede keer afgehaal is nie.
- Gr 4** – Informele Afrikaanse skrifte en Afrikaanse opsommingspakkies wat nie verlede keer afgehaal is nie.
- Gr 5** – Bordkryt vir visuele kuns.
- Gr 6** – Wiskunde skrifte van Gr 6 L, N, D en W wat nie verlede keer afgehaal is nie.
- Gr 7** – Geen

## Akademie via die Swarrie Swot Skool (MS Teams)



Die **SWARRIE SWOT SKOOL** aanlyn onderrig skop Maandag, 1 Junie 2020 af.

U het hierdie week stappe ontvang om die aanlyn skool op u rekenaar, tablet of selfoon af te laai. Indien u enige navrae het, stuur asb. 'n e-pos aan mnr. Marius Bornman ([marius@laerskoolswartkop.co.za](mailto:marius@laerskoolswartkop.co.za)) Indien u enige bruikbare ou selfone of laptops het, kan u vir Mnr Albert Korf kontak ([albert.korf@laerskoolswartkop.co.za](mailto:albert.korf@laerskoolswartkop.co.za))

Hier is die link om Teams op u selfoon/tablet op Google Play Store af te laai:  
<https://play.google.com/store/apps/details?id=com.microsoft.teams>

U kan dit ook op die iOS App store vir Apple toestelle aflaai deur MS Teams in te tik.

## Terugkeer van Graad 7's en ander grade



Gr 7's keer op Maandag, 1 Junie terug skool toe. Alle nodige reëlings is reeds aan die ouers en leerlinge gekommunikeer. Ons sien uit om hulle terug by die skool te ontvang.

### Terugkeer van ander grade

Ons het nog geen inligting van die Departement van Onderwys ontvang oor wanneer die res van die grade moet terugkeer nie. Sodra ons inligting ontvang, sal ons die nodige reëlings aan u deurgee.

## Skooldrag



Wierdapark Uitrusters is van Maandag tot Vrydag van 09:00 tot 13:00 oop en hulle bied 'n 25% afslag op skooldrag en benodigdhede tot aan die einde van die Lockdown.

## Ouerforum



Die Ouerforum is hard aan die werk agter die skerms om inligting aan u deur te gee op die Whatsapp-klasgroepe. Ons wil graag aan elkeen wat betrokke is baie dankie sê en spesifiek aan die graadverteenvoerders wat die ratte laat draai:

'N SKOOL SONDER OUERS IS SOOS FLIEK SONDER POPCORN.  
**OSCARS AAN DIE OUERFORUM**  
AS SKOOL 'N FLIEK WAS MET BAIE AKTEURS, SOU OUERS DIE HELDE WEES  
WAT STIL-STIL BELIGTING, KLANK EN KAMERAWERK SOU DOEN.

Estie (Gr 2)      Karien (BL)      Lindi (Gr 4)      Anro (Gr R)

Inge (Gr 1)      Estelle (Gr 3)      Zelda (Gr 7)      Jaco (BL / VS)

Loudia (Gr 6)      Alechia (Gr 5)

As ouerverteenwoordiger van 'n Graad, het hierdie ouers gehelp dat skool na die kinders se huise toe geneem word. Dankie vir julle skakeling en betrokkenheid.

## Aanlynregistrasies vir graad 1 en graad 8



Volgens die Departement van Onderwys open die aanlynregistrasies vir Graad 1 en Graad 8 op 25 Junie en sluit weer op 25 Julie. Ons deel graag meer inligting rondom die proses sodra ons dit ontvang.

Ouers van huidige graad R leerders wat volgende jaar in graad 1 gaan wees moet asseblief die [aansoekvorm](#) met stawende dokumente (Geboortesertifikaat, Inentingskaart, ID's van beide ouers en Bewys van adres) aan ons e-pos na [inskrywings@laerskoolswartkop.co.za](mailto:inskrywings@laerskoolswartkop.co.za) voor 25 Junie. U kind word by die skool sowel as op die Departement se stelsel geregistreer en daarom benodig ons weer u inskrywingsdokumente.

Indien u bewus is van nuwe belangstellende ouers wat hul kinders by ons wil inskryf, kan hulle ons kontak deur 'n e-pos te stuur of ons te skakel vanaf 1 Junie telefonies by die skool. Moet asseblief nie bekommer nie, ons sal u bystaan met die proses.

## Sanitering van skool



Graag wil ons ook weer van die geleentheid gebruik maak om die Beheerliggaam, terreinwerkers, bestuur en ander rolspelers te bedank met die sanitering, skoonmaak en gereedmaak van ons skool. In die besonder vir Lazoline, by name Jonika en Estie, asook Radical Waters van Midrand. Ons wil ook van die geleentheid gebruik maak om Pro-Cleaning Specialists te bedank vir die sanitering van ons hele skoolterrein op Donderdag, 28 Mei. Laerskool Swartkop het nou die vereiste ontsmetting- en sanitasie sertifikate in plek, soos vereis deur die Departement van Gesondheid en Departement van Onderwys, vir die veilige terugkeer van ons leerders en personeel. Ons is gereed om ons leerders en personeel te ontvang, en kan nie wag om julle te sien nie!!

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

**M VAN DER MERWE**  
**SKOOLHOOF**

**J STRAUSS**  
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**